# 3 REDES WAAROM

## GOEIE GEESTESGESONDHEID VAN BABAS SAAK MAAK

### BREIN-STRUKTUUR


Dit is almal van ons se plig **om seker te maak dat babas 'n gesonde brein-struktuur ontwikkel,** want dit sorg dat die persoon lewenslank kan leer en met gemak 'n volwaardige lid van die samelewing kan wees. Wanneer versorgers goed op 'n baba se behoeftes reageer, vorm daar 'n gesonde band tussen hulle, en dit moedig die baba aan om te leer en die wêreld te verken.

### LIGGAAM EN GESONDHEID

**'n Gebroke verhouding tussen baba en versorger lei tot ongesonde stres** wat maak dat die baba se streshormone oortyd werk. Te veel van hierdie soort stres maak dat daardie hormone die brein en liggaam se ontwikkeling ontwrig. En babas kan nie leer as hul brein en liggaam téén hulle werk nie. **Wat is die oplossing vir ongesonde stres?** Aandag en beskerming deur 'n versorger wat omgee.

### GEDRAG EN VERHOUDINGS

**'n Gesonde band tussen baba en versorger** is 'n fundamentele bousteen van sosiale funksionering. Kinders het verhoudings met sensitiewe versorgers nodig om hulself te reguleer, met ander mense oor die weg te kom, probleme op te los en volwaardig lid van die samelewing te wees. En al hierdie dinge is nodig om burgerlike en ekonomiese welvaart te verseker.



## GEESTESGESONDHEID VAN BABAS

is die optimale sosiale, emosionele en kognitiewe welstand van kinders van 0 tot 3 jaar wat ontwikkel danksy gesonde, stabiele verhoudings met versorgers wat omgee.